VAN ONS SUSTERS

GESAMENTLIKE SUSTERSAFSLUITING
6 November 2018 om 18:30 te Potchefstroom-Oos
TEMA: *Ons gee om*

Hulle vra dat elkeen wat die geleentheid gaan bywoon, 'n geskenkie saambring in die vorm van persoonlike benodigdhede. Almal wat na die Gesamentlike Sustersafsluiting toe wil gaan, moet **VANDAG** vir Karin hulle name stuur. Daar is ook 'n lys agterin die saal waarop jy jou naam kan invul. **Doen dit sommer nou**

VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Ons wens doop- en belydende lidmate wat gedurende dié week verjaar baie geluk met jou verjaardag:

28 Okt **Jana van Ryssen,** Bizetlaan 32, ☎ 076 738 7468
30 Okt **Sarel Brand,** Pretoriusstraat 14, ☎ 082 668 1824
Elean Coetsee, Huis Eikelaan SB 22, ☎ 018 297 8722
Terence Kent, Van der Stelstraat 51, ☎ 082 875 0780
31 Okt **Cathrien de Jager,** Macorinawoonstel B7, ☎ 072 941 5608
Lina Minnaar, Huis Eikelaan S 58, ☎ 018 293 3995
1 Nov **Pieter Jooste,** Sol Plaatjiesstraat 131, ☎ 079 887 0474
3 Nov **Pieter Stoker,** ☎ 082 440 3989

VAN ONS DIAKONIE

Die kollektes vir **Barmhartigheid** van Sondag 21 Oktober was R 6 810 en die kollekte vir **Bybelverspreiding** was R 2 800.

DIAKONIE SE KOSKAS

Skryf asseblief hierdie op u inkopielys:

- **Skottelgoedseep • Toiletpapier • Pasta • Beskuit**
- **Aanmaakkoeldrank**

Ons het baie tee, rys en mieliemeel. Baie dankie aan almal vir die bydraes.

Die tafels is gedek en daar is koffie en tee in die saal.
Dit is 'n wonderlike geleentheid om gesellig te verkeer.
Ons vra dat nuwe lidmate ook kom om kennis te maak
Susters van wyke A3 en A4 versorg vandag die tee en koffie

Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 34, nr 35 Sondag 28 Oktober 2018
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 018 294 3402
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Predikant:** Ds Ronald Bain **082 339 0933**
Kantoor **018 294 4600 Faks: 086 610 9283** Pastorie: **018 293 2116** Karin Bain **082 532 1620**
Hulpprediker: Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Koster Pieter Bouwsema **082 923 1384** **Orrelis:** Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte: Ouderlinge: **Flip Mostert** B6 **Gert van der Walt** C1, diakens wyk B6 is vakant en C1 **is Fanie Kruger.**
Teeskink na die erediens: Susters van wyke **A3 en A4**. Wyksusters is **Frieda van der Walt en Marié Badenhorst.**
Gesamentlike Hervormingsdiens by die Gereformeerde Kerk Die Bult onderleiding van die Gereformeerde Kerk Cachet om 18:00
Bussiediens: Vandag ry Gert Kruger 072 314 5534
Sondag **4 November** ry **Terence Kent** 076 242 3641

Goeiemôre broers en susters, kinders en besoekers

EREDIENS Oggenddiens word gelei deur prof Callie Coetzee

OGGEND: Skriflesing: Openbaring 3:7-13
TEMA: *Hou vas wat jy het*
SING: Psalm 150: 1 -3; Skrifberming 72: 1, 2 (Tema12 – 3); Psalm 119: 33; Psalm 122: 1, 2; Psalm 46:1, 3, 6.

HERVORMINGSDIENS GK Die Bult
Ons **gesamentlike hervormingsdiens** sal DV **vanaand** om 18:00 plaasvind onder toesig van **GK Cachet** se kerkraad. **Die diens word in die kerkgebou van Potchefstroom Die Bult gehou.**

MATRIKULANTE
Die volgende jong lidmate in ons gemeente het begin met hulle matriekeksamens.
Coetzer Stoop, Botha du Toit, Danie Walker en Kenneth Bain.
Ons wens hulle baie sterkte toe. Mag die Here se seën op hulle werk rus.

Dagboek
4 Nov: **Voorbereiding-diens**
11 Nov: **NAGMAAL**
Gemeente-ete om 12:00

LIEF EN LEED

Marie Kits is Dinsdag opgeneem in Mediclinic.
Ons dink aan haar in ons gebede.

Lina de Bruyn is Donderdag opgeneem in Mediclinic. Daar is 'n probleem met bloedtoevoer na haar been toe. Mag die Here haar vashou.

Twee van ons ouderlinge, **André Vorster en Hendrik Du Plessis**, moes onderskeidelik hierdie week vir ondersoeke by neuroloë gaan in Pretoria. Ons is dankbaar dat hulle beide, onder omstandighede, bemoedigende uitslae ontvang het. Ons dra hulle aan die Here se genade op en mag Hy beterskap gee.

Kerkraadvergadering Ons herinner aan die ouderlinge wat vanmiddag om 15:30 in die saal vergader.

KLEURFOTO'S VAN KERKKAMP IS IN DIE SAAL OP KENNISGEWINGBORD

VAN ALLES EN NOG WAT

KOLLEKTES: Vandag en volgende Sondag: Onder die erediens vir **Barmhartigheid**. By die deure vanoggend vir die **Thusofonds.** Die fonds is om die emeriti uit die jonger kerke te help versorg.
Die kollekte vanaand by deure is vir **instandhouding van die erediens**.
Volgende Sondag se kollekte die oggend vir ons **Jeug.**

KATEGESE
Volgende Sondag is dit die oorhandiging van die Kategesesertifikate

---

BYBELSTUDIES Ons weeklikse Bybelstudies is soos volg:



Huis Eikelaan om 15:00 op Dinsdae
Jongmense om 18:30 op Woensdae in Jeugkamer.
Oggendbybelstudie Donderdae om 9:30 in konsistorie.
Donderdagaande om 18:30 in konsistorie.

VERGADERINGS in Oktober:
28 Oktober: **Kerkraadsvergadering om 15:30 in kerksaal**
29 Oktober: **Diakonie** vergader om 18:00 in kerksaal
5 November: **Gemeentebladkommissie** om 17:30 te Nieuwestraat 16.

GEMEENTE-ETE NA NAGMAAL vanaf 12:00

Die kos wat Susan en Koos Nortjé maak is altyd 'n heerlike ete. Die spyskaart klink heerlik.
So sal dit DV ook wees op **11 November 2018**

Johan du Plessis sal die **besprekings** behartig in die kerksaal of telefonies by 018 294 4600. Die koste is nog steeds **R 30** per persoon.

FOTOBORD Nuwe lidmate word gevra om na die diens na die saal te kom vir die neem van 'n foto vir die fotobord. **Melissa Kent** sal die foto's neem

Wil u Kosma/ Kospa wees??

Die laerskool Koningskinders is opsoek na 'n bereidwillige wat sy/ haar talente in die kampkombuis kan kom wys by die jaarlikse kamp wat plaasvind tussen 29 Nov-6 Des 2018
Take van die kosma/kospa sluit in: Voorbereiding van oggendete, middagete, aandete, tussen-in lekkernye, asook laataand bederfies vir die groepleiers.
Indien u belangstel, skakel gerus:
Willem van der Meer- 073 021 6871
Prieur du Plessis- 071 686 4586
Monique de Klerk- 078 802 6478

Jongmense

Koffiedrink vir alle jongmense na die aanddiens. Dit gaan baie lekker wees en bied 'n geleentheid vir almal om mekaar te leer ken. Vir enige navrae kontak Willem van Heerden op 076 450 0562.

GKSA BEROEPENUUS

BEROEPE ONTVANG

- Ds FJ van Rensburg (Frikkie) van Rustenburg-Noordoos na Die Kandelaar
- Ds FJ van Rensburg (Frikkie) van Rustenburg-Noordoos na Rietvallei as medeleraar.
- Ds TJ van Vuuren (Tommie) van Heilbron na Durban-Noord.

BEROEPE AANVAAR

- Ds HFR Pelser (Riekert) van Vaalharts na Kemptonpark.

Die nuwe Totius-Akademie

Vanaf Januarie 2019 bied Totius-Akademie 'n kleuterklas (**Graad RR en R**) aan. Ouers wat belangstel, kan die skool skakel.

Totius-Akademie het ook nog plek vir **Graad 1- en 2-leerders**. Laerskoolleerders se toelating is onderhewig aan 'n skoolgereedheids-toets/psigometriese toets.

Die skool het onlangs twee nuwe onderwyseresse met baie jare se ervaring aan-gestel vir die kleuterklas en grondslagfase - beide Gereformeerde lidmate.

Totius-Akademie is 'n geregistreerde privaatskool wat fokus op Christelike onderwys van hoë gehalte.

Die skool is geleë op die Bult (skuins oorkant Noordbrug-poskantoor). **Tel:** 018 294 4800 /072 411 1175. **E-pos:** PCO@totiusakademie.co.za.

Inligting ook beskikbaar op skool se Internet-webwerf en Facebook-blad.

Potchefstroom- Broodvasbinders vir rolstoele

Die volgende skrywe is ontvang van Santa Cronje – cronjefjs@gmail.com ☏ 083 739 9588. Ek benodig 200kg vasbinders om een rolstoel aan te koop. 200kg is gelykstaande aan 200 x 5 liter waterbottels. U word gevra om u broodvasbinders bymekaar te maak en kerk toe te bring vanwaar dit verder versorg word.

Aangesien die proppieprojek gestaak is kan lidmate vasbinders in die saal in die Diakonie se krat plaas.

Breadtags for wheelchairs

Kom ons kyk hoe gou kan ons 'n 5 liter waterbottel vol maak?

Ons Gemeente se Statistiek (1)

In enkele artikels gaan ek by interessante statistieke van ons gemeente stilstaan. Elke jaar verskyn daar in die Kerkalmanak van die Gereformeerde Kerke in S.A. vir elke gemeente, klassis en ook vir die hele kerkverband statistieke. Ek gebruik statistieke daaruit om na 'n paar aspekte rakende ons gemeente te kyk.

Hierdie keer kyk ons na die getal lidmate van ons gemeente en ook hoe dit opgedeel is in belydende- en dooplidmate. Die nuutste getalle (Oktober 2018) is: belydend 350, doop 53, totaal 403. Hierdie getalle kan beter in konteks geplaas word as ons kyk hoe dit oor die jare verander het. Die volgende grafiek (links) gee dit weer vanaf 1980 tot 2018: Hieruit sien ons hoe groei, maar ook daling, plaasgevind het. Die maksimum lidmatetal het in 1987 op 777 te staan gekom en dit het tot 343 gedaal in 2015. Let ook op hoe die verskil tussen totale- en belydende lidmatetalle (die getal dooplidmate) van 188 in 1987 tot 38 in 2013 gedaal het.



Hoe lyk ons lidmatetal se tendense as ons dit uitdruk as persentasies (of per 100) van die kerkverband se lidmatetal? Die volgende grafiek (regs) wys dat die totale lidmatetal as % van GKSA 'n styging toon vanaf 2009 tot 2012, effens daal en dan weer styg vanaf 2014. Dit is in teenstelling met die werklike lidmatetal in die vorige grafiek, waar dit bly daal het tot 2015. Dit beteken dat relatief tot die GKSA, het ons lidmatetal inderwaarheid die afgelope 10 jaar 'n stygende tendens gehad. Let ook op dat die belydende- en dooplidmatetalle relatief meer per 100 van die GKSA s'n was as wat die geval was by die totale lidmatetal. Lg. toon ook min daling oor die tydperk. Ons lidmatetalle se daling tot 2015 steek dus geensins af teenoor dié van die kerkverband nie. Daar was in die afgelope 3 jaar 'n styging in ons lidmaattalle, terwyl dit in die kerkverband steeds daal.



Volgende keer gesels ons oor ons gemeente se ouderdomme. - *Faans Steyn*